



# Bingo! Dié appel gaan Asië verras

Mnr. Jannie Wiegman het vyf bome in een van sy boorde opgemerk wat volrooi appels dra. Hy het honderd bome daarvan gemaak, en sewe jaar later is hy oortuig daarvan dat die kleur stabiel is.

Op 'n reënigerige dag, kort voor oestyd, het mnr. Jannie Wiegman met sy motorfiets deur sy Royal Gala-boorde op die plaas Sunridge, Grabouw, gery, toe 'n paar bome met helderrooi appels hom opval. Dié vrugte het anders gelyk as die res van die boord, en as 'n kwekeryman in murg en been, was Wiegman se nuuskierigheid dadelik geprikkel (hy besit die Zuiderkruis-appel-en-peerkwekery in die Hemel en Aarde-vallei).

“Die rooi appels was aan drie bome, daar was twee gapings, nog 'n boom, 'n gaping en toe nog 'n boom. Dit het vir my gesê die bome kom waarskynlik van dieselfde loot wat gemuteer het.”

Hy het besluit om honderd bome te maak om te kyk wat gebeur. “As kweker was ek dalk gelukkig dat ek so iets kon raaksien en self 'n paar bome kon maak om te sien wat daaruit ontwikkel. Ek wou nie voortgaan met die ontwikkeling voor ek kon seker maak die kleur is stabiel nie.”

Daardie bome is nou sewe jaar oud en tot dusver kon hulle nog nie tekens van terugslaan by die Bingo-appels kry nie. **Die pragtige, eenvormige rooi kleur blyk stabiel te wees. Van 80% tot 95% van die appels kleur minstens 80% of meer op.** Die res is

Bingo, 'n nuwe geslag blinkrooi Gala-appels, wat uit 'n mutasie op Grabouw ontwikkel is, is nie net boervriendelik nie, maar kan ook 'n deurbraak vir Suid-Afrika in die Asiëse mark beteken.

steeds bemarkbaar, maar het 'n meer tweekleurige voorkoms.

“Met die regte lighuishouding, wat goeie balans tussen blare en hout toelaat, kry jy uitsonderlike kleur.”

Dis juis hierdie kleur wat bemarkers baie opgewonde maak.

“Die geld lê mos in die kleur, dis die begin en die einde,” sê Wiegman laggend.

## ASIË WINK

Mnr. Hein Keulder, uitvoerende hoof van Fruitways, meen Bingo, soos Wiegman die kultivar gedoop het, gaan veral sy staal wys in die Asiëse markte.

“Dit sal regtig die Asiëse mark vir Suid-Afrikaanse Gala-appels oopmaak as die kultivar wyd genoeg aangeplant word. Die

afgelope 40 jaar was ons Galas bestem vir Brittanje en Wes-Europa, waar verbruikers gewoon is aan blekerige Galas. In die Ooste verkies hulle weer 'n volrooi appel, of dat dit minstens 80% rooi moet wees. Dis waar Nieu-Seeland en Chili 'n voordeel bo ons geniet het. Ons voer steeds ons gewone Galas na die Ooste uit, maar ons vrugte verkoop teen laer pryse as die Galas uit Nieu-Seeland, Chili en Europa. Bingo maak dus geleenthede vir ons oop in markte wat gaan groei, sodat ons mededingender kan wees en mettertyd ook premies kan verdien, want dit sal hopelik wys in produsente- en kratopbrengste.”

## PLUK NET EEN KEER

Die ander goeie nuus is dat dit 'n produsent-vriendelike Gala-lyn

en is sedertdien in die Hemel en Aarde-vallei getoets, met goeie resultate. ■ Die appels kan met 'n enkele pluktyd geoes word, en 80% tot 95% daarvan sal volgekleur wees.



### LIGGING

Hemel en Aarde-vallei, Wes-Kaap

### KORTOM

- 'n Nuwe Gala-tipe appel met 'n vol kersierooi kleur hou groot potensiaal vir Suid-Afrikaanse Galas in Asië in.
- Die mutasie het op Grabouw ontstaan,




Soos met enige volkleur appel is lighuishouding baie belangrik. Regop lote moet in Januarie uitgesny word.

is, omdat die boorde net een keer deurgestap word om geoes te word. “Met volrooi appels lê die probleem altyd by pluktyd. Aanvanklik lyk die vrugte aan die buitekant van die boom baie mooi, en jy begin pluk, maar dan is daar nog baie appels binne in die boom wat nog nie gekleur is nie.”

Aanvanklik het Wiegman eers die rooi vrugte geoes en later weer die boord deurgestap. Gou het hy agtergekom dis nie die moeite werd nie. Verlede jaar het hy besluit hy gaan dit “reg tref” en net een keer pluk. Dis egter belangrik om te wag tot die regte vlak van styselomskakeling plaasgevind het.

“Nou kyk, as jy een keer pluk, is alles nie rooi nie, maar ten minste 80% van die appels is. Verlede jaar was 95% van die appels volgekleur. Die res is tweekleurig, maar dis 'n klein persentasie, en net 'n hand vol het nie genoeg gekleur nie. Maar die voordele om net een keer te pluk, is enorm, veral die besparing in arbeidskoste.

“Om oor 'n week of wat weer terug te gaan en 10% van die appels te pluk wat aan die boom oorgebly het, gaan nie vergoed vir die laer arbeidsproduktiwiteit nie en die appels sal waarskynlik steeds nie baie goed gekleur het nie. Dis nogal senutergend om te wag en te meet voor jy pluk, maar dis die moeite werd. As jy net een keer deur die boord hoef te gaan, kan jy drie keer meer hektaar aanplant as jy genoeg water en grond het,” vertel hy.



Big Bucks (bo) en Bingo (onder). Big Bucks is wynrooi, terwyl Bingo eerder as kersierooi beskryf kan word.



Mnr. Jannie Wiegman se skerp oog het die mutasie raakgesien. As kwekeryman kon hy toe honderd bome maak om te verseker die kleurmutasie is stabiel.

## 'BESLIS UNIEK'

Al het mnr. Jannie Wiegman reeds sewe jaar gelede die eerste Bingo-bome gevestig, kon hy nie oornag plantmateriaal aan die res van die bedryf beskikbaar stel nie.

Hy moes eers aansoek doen om planttelersregte en om op die Suid-Afrikaanse kultivarlys geplaas te word. Daarna moes hy, vir die proses om die kultivar te beskryf, onder meer 'n proefblok plant met Bingo, Big Bucks, Decarli Gala en Royal Beaut om te kan bewys dat Bingo onderskei kan word van ander soortgelyke kultivars. Dié beskrywingsproses moes vir twee tot drie seisoene herhaal word.

Hy meen Big Bucks, 'n betreklik nuwe volrooi Gala-tipe, gaan Bingo se groot mededinging wees. “Jy moet die Bingo- en Big Bucks-appels langs mekaar sien om die verskille op te merk. Waar Big Bucks wynrooi is, is Bingo kersierooi. Big Bucks se lentiselle is ook meer opmerklik, omdat die appel so donker is. Die nerwe op Big Bucks se blare is ook geneig om pienk of rooi te raak, terwyl Bingo s'n gewoon bly.”

TopFruit gaan as agent optree vir die kultivar, en kwekerye sal by hom plantmateriaal kan bestel. Materiaal kan van volgende jaar af beskikbaar wees, indien planttelersregte toegestaan word.

“Ek het besluit ek wil met iemand werk waar ek eerste in die ry gaan staan.”

Wat sy besluit betref om nie 'n bemarkingsheffing te vra nie, sê Wiegman: “As 'n boer wat ook aan die ander kant van die heining sit, irriteer daardie tipe ding die hel uit my uit. Dit hou net aan en aan... Ek is tevrede dat mense net 'n boomheffing betaal.” **LBW**

➤ NAVRAE: Mev. Corné Grundlingh, TopFruit, 021 874 1033, 083 652 6337.